p147775-Reunert AFR 5/16/06 10:10 AM Page 1

REUNERT

REUNERT LIMITED

↗29% WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL

↗19% INKOMSTE

↗21% DIVIDEND PER AANDEEL

# ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 MAART 2006

## GROEPINKOMSTESTAAT

Ses maande geëindig 31 Maart 2006

| | Aan-teke-ninge | 2006 R miljoen | 2005 R milljoen (Nagesien) | % veran-dering | Jaar geëindig 30 Sept 2005 R miljoen (Nagesien) |
|---|---|---|---|---|---|
| Inkomste | | 3 910,9 | 3 275,5 | 19 | 7 037,3 |
| Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (WRBDA) | | 551,0 | 448,1 | 23 | 967,2 |
| Depresiasie en amortisasie van ontasbare bates | | 27,0 | 23,1 | 17 | 49,9 |
| Bedryfswins | 1 | 524,0 | 425,0 | 23 | 917,3 |
| Netto rente- en dividendinkomste | 2 | 33,2 | 22,2 | 50 | 50,1 |
| Wins voor abnormale item | | 557,2 | 447,2 | 25 | 967,4 |
| Abnormale items | 3 | 3,3 | 2,4 | | 3,9 |
| Wins voor belasting | | 560,5 | 449,6 | 25 | 971,3 |
| Belasting | | 202,0 | 164,1 | 23 | 326,5 |
| Wins ná belasting | | 358,5 | 285,5 | 26 | 644,8 |
| Aandeel van geassosieerde maatskappy se winste | | 53,3 | 29,6 | 80 | 79,2 |
| Wins vir die tydperk | | 411,8 | 315,1 | 31 | 724,0 |
| Wins vir die tydperk toeskryfbaar aan: | | | | | |
| Minderheidsbelang | | 3,0 | 0,7 | | 10,7 |
| Ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | 408,8 | 314,4 | 30 | 713,3 |
| | | 411,8 | 315,1 | | 724,0 |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | 4 | 234,1 | 181,9 | 29 | 411,4 |
| Verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent) | 4 | 231,0 | 179,7 | 29 | 406,5 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | 232,6 | 180,5 | 29 | 408,4 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | 229,5 | 178,2 | 29 | 403,6 |
| Genormaliseerde basiese verdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | 223,6 | 176,2 | 27 | 397,1 |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | 222,2 | 174,8 | 27 | 394,1 |
| Genormaliseerde verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | 220,6 | 174,0 | 27 | 392,5 |
| Genormaliseerde verwaterde wesens-verdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | 219,2 | 172,6 | 27 | 389,5 |
| Dividende per gewone aandeel vir die tydperk verklaar (sent) | | 63,0 | 52,0 | 21 | 222,0 |
| Belastingkoers met uitsluiting van abnormale items (%) | | 36,3 | 36,7 | | 33,8 |
| WRBDA as 'n % van inkomste | | 14,1 | 13,7 | | 13,7 |

## GROEPBALANSSTAAT

op 31 Maart 2006

| | Aan-teke-ninge | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen (Heraangegee) | op 30 Sept 2005 R miljoen (Heraangegee) |
|---|---|---|---|---|
| **Niebedryfsbates** | | | | |
| Eiendom, masjinerie, toerusting en ontasbare bates | | 360,9 | 332,7 | 336,3 |
| Klandisiewaarde | | 329,8 | 326,3 | 329,0 |
| Beleggings en lenings | 6 | 106,8 | 110,2 | 116,2 |
| RC&C Finance Company-rekeninge ontvangbaar | | 889,7 | 563,0 | 726,0 |
| Uitgestelde belasting | | 37,5 | 42,9 | 37,5 |
| | | 1 724,7 | 1 375,1 | 1 545,0 |
| **Bedryfsbates** | | | | |
| Voorraad en onvoltooide kontrakte | | 555,2 | 519,2 | 560,9 |
| Rekeninge ontvangbaar en afgeleide bates | | 1 098,5 | 837,8 | 1 004,9 |
| RC&C Finance Company-rekeninge ontvangbaar | | 346,0 | 197,8 | 302,2 |
| Nie-bedryfsbates vir verkoop gehou | | 2,9 | — | — |
| Kontant en kontantekwivalente | | 676,4 | 319,1 | 784,4 |
| | | 2 679,0 | 1 873,9 | 2 652,4 |
| **Totale bates** | | 4 403,7 | 3 249,0 | 4 197,4 |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk** | | | | |
| Gewone | | 1 660,1 | 1 225,6 | 1 561,0 |
| Voorkeur | | 0,7 | 0,7 | 0,7 |
| | | 1 660,8 | 1 226,3 | 1 561,7 |
| Minderheidsbelang | | 30,2 | 28,0 | 43,0 |
| **Totale ekwiteit** | | 1 691,0 | 1 254,3 | 1 604,7 |
| **Niebedryfslaste** | | | | |
| Langtermynlenings | 7 | 115,4 | 0,5 | 111,7 |
| Uitgestelde belasting | | 78,6 | 78,8 | 81,7 |
| | | 194,0 | 79,3 | 193,4 |
| **Bedryfslaste** | | | | |
| Bankoortrekkings en korttermyngedeelte van langtermynlenings | | 15,6 | 0,5 | 20,9 |
| RC&C Finance Company-lenings | 8 | 1 096,0 | 625,1 | 866,8 |
| Rekeninge betaalbaar, afgeleide aanspreeklikhede, voorsienings en belasting | | 1 407,1 | 1 289,8 | 1 511,6 |
| | | 2 518,7 | 1 915,4 | 2 399,3 |
| **Totale ekwiteit en laste** | | 4 403,7 | 3 249,0 | 4 197,4 |

## GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

Ses maande geëindig 31 Maart 2006

| | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen (Heraangegee) | Jaar geëindig 30 Sept 2005 R miljoen (Heraangegee) |
|---|---|---|---|
| Heraangegewe saldo aan begin van tydperk | 1 604,7 | 1 127,1 | 1 127,1 |
| Wins vir die tydperk | 411,8 | 315,1 | 724,0 |
| Dividende betaal | (338,4) | (217,7) | (308,3) |
| Uitgifte van aandele ingevolge Aandeel-opsieskema | 10,6 | 16,5 | 26,7 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwes | 4,8 | 13,0 | 30,8 |
| Ander | (2,5) | 0,3 | 4,4 |
| Totale ekwiteit aan einde van die tydperk | 1 691,0 | 1 254,3 | 1 604,7 |
| Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk | 1 660,8 | 1 226,3 | 1 561,7 |
| Toeskryfbaar aan minderheidsbelang | 30,2 | 28,0 | 43,0 |
| | 1 691,0 | 1 254,3 | 1 604,7 |

## GROEPKONTANTVLOEISTAAT

Ses maande geëindig 31 Maart 2006

| | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen (Heraangegee) | Jaar geëindig 30 Sept 2005 R miljoen (Heraangegee) |
|---|---|---|---|
| **WRBDA** | 551,0 | 448,1 | 967,2 |
| Toename in netto bedryfskapitaal | (394,1) | (317,3) | (601,0) |
| Toename in RC&C Finance Company-rekeninge ontvangbaar | (207,5) | (232,3) | (499,7) |
| Toename in ander bedryfskapitaal | (186,6) | (85,0) | (101,3) |
| Kontant deur bedrywighede gegenereer | 156,9 | 130,8 | 366,2 |
| Netto rente en dividendinkomste (insluitende assosiate) | 81,2 | 62,2 | 119,3 |
| Belasting betaal | (210,5) | (243,8) | (364,9) |
| Dividende betaal (insluitende minderhede) | (338,4) | (217,7) | (308,3) |
| Netto kontantvloei vanuit bedryfsaktiwiteite | (310,8) | (268,5) | (187,7) |
| Netto toevoegings van eiendom, masjinerie en toerusting en ontasbare bates | (49,1) | (23,1) | (40,2) |
| Netto verkoop/(verkryging) van filiale, besighede en ander beleggings | 1,9 | (3,8) | (3,2) |
| Langtermyn-lening (terugbetaal)/aangegaan | — | (0,5) | 129,4 |
| Ander (netto) | 22,4 | 23,1 | 50,9 |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | (335,6) | (272,8) | (50,8) |
| **Netto korttermynbanklenings aan begin van die tydperk** | (84,0) | (33,2) | (33,2) |
| **Netto korttermynbanklenings aan einde van die tydperk** | (419,6) | (306,0) | (84,0) |
| Kontant en kontantekwivalente | 676,4 | 319,1 | 784,4 |
| Bankoortrekkings | — | — | (1,6) |
| Kontant en kontantekwivalente (netto) | 676,4 | 319,1 | 782,8 |
| RC&C Finance Company-banklenings (aantekening 8) | (1 096,0) | (625,1) | (866,8) |
| **Netto korttermynbanklenings aan einde van die tydperk** | (419,6) | (306,0) | (84,0) |

## AANVULLENDE INLIGTING

Ses maande geëindig 31 Maart 2006

| R miljoen (tensy anders aangedui) | 2006 | 2005 (Heraangegee) | Jaar geëindig 30 Sept 2005 (Heraangegee) |
|---|---|---|---|
| Netto batewaarde per aandeel (sent) insluitende klandisiewaarde | 948 | 706 | 896 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) met uitsluiting van klandisiewaarde | 760 | 518 | 707 |
| Bedryfsbateverhouding uitsluitende rentedraende bedryfslaste (:1) | 1,9 | 1,5 | 1,8 |
| Netto getal uitgereikte gewone aandele (miljoen) | 175,1 | 173,7 | 174,4 |
| Getal uitgereikte gewone aandele (miljoen) | 194,1 | 192,7 | 193,4 |
| Min: Deur filiaal gehou (miljoen) | (19,0) | (19,0) | (19,0) |
| Kapitaalbesteding | 49,7 | 23,6 | 59,7 |
| – uitbreidings | 23,0 | 12,7 | 22,6 |
| – vervangings | 26,7 | 10,9 | 37,1 |
| Kapitaalverbintenisse | 106,3 | 22,3 | 68,9 |
| – gekontrakteer | 93,7 | 13,4 | 42,6 |
| – gemagtig maar ongekontrakteer | 12,6 | 8,9 | 26,3 |
| Verbintenisse ten opsigte van bedryfshuurkontrakte | 40,3 | 30,3 | 50,0 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede | 5,5 | 6,9 | 5,6 |

## AANTEKENINGE TOT DIE INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAAT

| | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen (Herverklaar) | Jaar geëindig 30 Sept 2005 R miljoen (Herverklaar) |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 1** | | | |
| **Bedryfswins** | | | |
| Bedryfswins word aangegee na: | | | |
| – Koste van verkope | 2 684,4 | 2 238,0 | 4 826,6 |
| – Ander inkomste | (4,9) | (6,2) | (15,2) |
| – Ander onkoste met uitsluiting van depresiasie, amortisasie en waardedalings | 680,4 | 595,6 | 1 258,7 |
| **Aantekening 2** | | | |
| **Netto rente- en dividendinkomste** | | | |
| Rente ontvang | 43,4 | 23,9 | 60,8 |
| – van RC&C Finance Company | 25,5 | 10,2 | 30,1 |
| – ekstern | 17,9 | 13,7 | 30,7 |
| Rente betaal | (13,5) | (10,5) | (23,5) |
| Dividendinkomste behalwe van assosiate | 3,3 | 8,8 | 12,8 |
| Totaal | 33,2 | 22,2 | 50,1 |
| Dividendinkomste van geassosieerde maatskappy ingesluit by aandeel in geassosieerde maatskappy se winste | 48,0 | 40,0 | 69,2 |
| **Aantekening 3** | | | |
| **Abnormale items** | | | |
| Surplus met verkoop van belegging | 3,3 | — | 6,4 |
| Waardedaling van masjinerie en toerusting | — | — | (4,9) |
| Negatiewe klandisiewaarde na wins geneem | — | 2,4 | 2,4 |
| Totaal voor belasting | 3,3 | 2,4 | 3,9 |
| Belasting | (0.5) | — | 1,4 |
| Totaal | 2,8 | 2,4 | 5,3 |
| **Aantekening 4** | | | |
| **Getal aandele gebruik om verdienste per aandeel te bereken** | | | |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele gebruik om basiese verdienste per aandeel, wesensverdienste per aandeel, genormaliseerde basiese verdienste per aandeel en genormaliseerde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene aandele) | 174,6 | 172,8 | 173,4 |
| Aangepas met die verwaterende uitwerking van onuit-geoefende aandeelopsies toegestaan (miljoene aandele) 2,4 | 2,2 | 2,1 | |
| Geweegde gemiddelde getal aandele gebruik om verwaterde basiese, genormaliseerde verwaterde basiese, verwaterde wesens- en genormaliseerde verwaterde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene aandele) | 177,0 | 175,0 | 175,5 |
| **Aantekening 5.1** | | | |
| **Wesensverdienste** | | | |
| Wesensverdienste is bepaal deur die uitwerking van die volgende items in toeskryfbare verdienste uit te skakel: | | | |
| Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk | 408,8 | 314,4 | 713,3 |
| Verlies/(surplus) by verkoop van eiendomme, masjinerie en toerusting | 0,3 | (0,1) | 0,2 |
| Surplus by verkoop van belegging | (3,3) | — | (6,4) |
| Negatiewe klandisiewaarde in abnormale items weerspieël | — | (2,4) | (2,4) |
| Waardedalings van masjinerie en toerusting | — | — | 4,9 |
| Belasting | (0,5) | — | (1,5) |
| Wesensverdienste | 406,3 | 311,9 | 708,1 |
| **Aantekening 5.2** | | | |
| **Genormaliseerde verdienste en wesensverdienste** | | | |
| Genormaliseerde verdienste is bepaal deur van toeskryfbare verdienste af te trek van die aandeel in wins wat ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote is (aantekening 9) | | | |
| Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk (basies en verwaterd) | 408,8 | 314,4 | 713,3 |
| Aandeel in winste ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote | (18,4) | (9,9) | (24,7) |
| Genormaliseerde verdienste (basies en verwaterd) | 390,4 | 304,5 | 688,6 |
| Genormaliseerde wesensverdienste is bepaal deur die aandeel in winste ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote (aantekening 9) van wesensverdienste af te trek | | | |
| Wesensverdienste (basies en verwaterd) | 406,3 | 311,9 | 708,1 |
| Aandeel in winste ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote | (18,4) | (9,9) | (24,7) |
| Genormaliseerde wesensverdienste (basies en verwaterd) | 387,9 | 302,0 | 683,4 |
| **Aantekening 6** | | | |
| **Beleggings en lenings** | | | |
| Ongenoteerde geassosieerdes maatskappy | | | |
| – teen kosprys plus ekwiteitsverantwoorde verdienste met uitsluiting van klandisiewaarde | 92,1 | 66,4 | 86,8 |
| Ander ongenoteerde beleggings | | | |
| – teen kosprys | 0,7 | 2,4 | 0,7 |
| Genoteerde beleggings te koop gehou | | | |
| – teen markwaarde | — | 21,2 | 7,8 |
| Lenings – teen kosprys | 14,0 | 20,2 | 20,9 |
| Totale drawaardes | 106,8 | 110,2 | 116,2 |
| Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings | | | |
| – Ongenoteerde assosiaat | 520,0 | 520,0 | 520,0 |
| – Ander ongenoteerde beleggings | 0,7 | 2,4 | 0,7 |
| **Aantekening 7** | | | |
| **Langtermynlenings** | | | |
| Totale langtermynlenings | 122,9 | — | 130,0 |
| Min: Korttermyngedeelte | (14,9) | — | (18,6) |
| | 108,0 | — | 111,4 |
| Terugbetaling van lening deur SEB-vennoot | 7,1 | — | — |
| Bruikhuurkontrakte | 0,3 | 0,5 | 0,3 |
| | 115,4 | 0,5 | 111,7 |

Die groep het 'n ooreenkoms aangegaan met Powerhouse Utilities (Edms) Bpk (Powerhouse), ingevolge waarvan 25,1% van die A-aandele van ATC (Edms) Bpk (ATC) op 1 Desember 2004 teen 'n koste van R130 miljoen aan Powerhouse verkoop is. IFRS vereis dat hierdie transaksie nie as 'n verkoop verantwoord mag word nie, aangesien die banklening nie deur Powerhouse opbetaal is nie en daar sekere voorwaardes aan die onbetaalde gedeelte verbonde was, nieteenstaande daarvan dat die ekonomiese realiteit van hierdie transaksie 'n verkoop verteenwoordig het.

Die langtermynlening hou verband met befondsing is deur Nedbank Beperk (Nedbank) aan Powerhouse beskikbaar gestel is vir hul verkryging van 25,1% van ATC. Die lening is deur Reunert gewaarborg en is ingevolge bestaande rekeningkundige praktyk wat vir hierdie transaksie gegeld het, in die Reunert-balansstaat erken.

Die delging van die lening deur die SEB-vennoot verteenwoordig 'n gedeelte van 'n dividend wat deur ATC aan Powerhouse betaal is en wat aangewend is om 'n gedeelte van die lening van Nedbank aan Powerhouse terug te betaal. Ingevolge bestaande rekeningkundige praktyk betreffende hierdie transaksie, word dit as 'n langtermyn-aanspreeklikheid in die Reunert-balansstaat weerspieël. Wanneer die beduidende risiko's en vergoedings verbonde aan eienaarskap in die ekwiteit van ATC geag word na die SEB-vennoot oor te gegaan het, sal hierdie gedeelte van die lening wat deur Powerhouse vooruit betaal is, aan minderheidsbelange oorgedra word.

**Aantekening 8**

**RC&C Finance Company-banklenings**

RC&C Finance Company beskik oor banklenings ten bedrae van R1 200 miljoen (2005: R900 miljoen).

Die banke wat hierdie fasiliteite toegestaan het, is kontraktueel verbind tot die verskaffing daarvan op 'n langtermyn-grondslag. Die fasiliteite mag egter ingevolge kennisgewing deur hulle teruggetrek word.

Nadat sodanige kennisgewing gerig is, verminder genoemde fasiliteite na nul ooreenkomstig die vermindering in die onderliggende huurdebiteure oor 'n maksimum van vyf jaar.

**Aantekening 9**

| Swart Ekonomiese Bemagtigingstransaksies (SEB) | 2006 R miljoen | 2005 R miljoen (Herverklaar) | Jaar geëindig 30 Sept 2005 R miljoen (Herverklaar) |
|---|---|---|---|
| Soos in aantekening 7 na verwys, is sekere SEB-transaksies betreffende die verkoop van ekwiteitsbelange nie erken nie, aangesien aanvaar is dat die beduidende risiko's en vergoedings verbonde aan eienaarskap van die ekwiteit nie na die SEB-vennote oorgedra is nie. Vervolgens is die ekwiteitsbelange in filiale nie in die groep se inkomstestaat en balansstaat erken nie. | | | |
| Die uitwerking hiervan was om nie die volgende te erken nie: | | | |
| Aandeel in winste wat ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote | 18,4 | 9,9 | 24,7 |
| Balansstaat-gedeelte moontlik ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote is | 88,7 | 81,3 | 96,0 |

**Aantekening 10**

**Basis van voorbereiding**

Die groep het Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) vir die jaar eindigende 30 September 2006 aangeneem en die oorskakeling daarna het, soos bepaal deur die Noteringsvereistes van die JSE Beperk met ingang 1 Oktober 2004 in werking getree. Die tussentydse finansiële verslag is ooreenkomstig IFRS, by uitstek ingevolge IRS 34: "Tussentydse Finansiële Verslagdoening" asook ter voldoening aan die Maatskappywet van Suid-Afrika opgestel en aangebied.

Die finansiële state wees vir die jaar eindigende 30 September 2006 sal die groep se eerste gekonsolideerde IFRS-voldoenende finansiële state wees en derhalwe is IFRS 1: "Eerste Aanname van IFRS" in die opstelling van hierdie tussenverslag toegepas. Die groep se beginbalansstaat soos op 1 Oktober 2004 en die vergelykende inligting vir 2005 is ooreenkomstig IFRS, heraangegee.

Hierdie tussentydse finansiële state is ooreenkomstig daardie IFRS-standaarde en die Komitee oor Internasionale Finansiële Verslagdoening (IFRIC) se interpretasies, synde uitgereik en van krag ten tyde van die opstelling van hierdie finansiële state, opgestel. Die IFRS-standaarde en IFRIC-interpretasies soos van toepassing op 30 September 2006 was nie met alle sekerheid ten tyde van die opstelling van hierdie tussentydse finansiële state bekend nie en mag vervolgens dus verskillend wees.

**Aantekening 11**

| Rekonsiliasie van SA AARP met IFRS | Aan-teke-ninge | 31 Maart 2005 R miljoen | 30 Sept 2005 R miljoen | 1 Oktober 2004 R miljoen |
|---|---|---|---|---|
| **Rekonsiliasie van wins vir die tydperk** | | | | |
| ( ) = vermindering van wins | | | | |
| Soos voorheen ingevolge SA AARP verklaar | | | | |
| – Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | **313,2** | **709,2** | |
| *Aangepas vir:* | | | | |
| *SA AARP-heraangewings* | | 17,9 | 1,2 | |
| – IRS 16 – Eiendom, masjinerie en toerusting – omgekeerde waardevermindering van grond | 11.1 | 0,5 | 0,7 | |
| – IRS 38 – Ontasbare bates | 11.2 | (0,3) | (0,2) | |
| – IRS 17 – Huurkontrakte | 11.3 | 0,3 | — | |
| – IRS 11 – Konstruksiekontrakte | 11.4 | — | 0,7 | |
| – Minderhede in sekere SEB-transaksies* | 11.5 | 9,3 | — | |
| – IFRS 3 – Omgekeerde negatiewe klandisiewaarde* | 11.6 | 2,4 | — | |
| – Powerhousebelang* | 11.7 | 5,7 | — | |
| *IFRS-aanpassings* | | | | |
| – IRS 16 – Eiendomme, masjinerie en toerusting | 11.1 | 4,3 | 10,5 | |
| – IFRS 2 – Aandeelgebaseerde betalings* | 11.8 | (13,0) | — | |
| – Uitgestelde belastinggevolg van alle aanpassings | | (8,0) | (7,4) | |
| – Impak van aanpassings op minderheidsbelang | | — | (0,2) | |
| Soos ingevolge IFRS verklaar | | **314,4** | **713,3** | |
| **Rekonsiliasie van totale ekwiteit** | | | | |
| ( ) = vermindering van totale ekwiteit | | | | |
| Soos tevore ingevolge SA AARP verklaar | | | | |
| – Ekwiteit toedeelbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | 1 058,5 | 1 453,5 | 983,1 |
| – Minderheidsbelang | | 96,9 | 42,5 | 39,7 |
| | | **1 155,4** | **1 496,0** | **1 022,8** |
| *Aangepas vir:* | | | | |
| *SA AARP-herverklarings* | | 2,9 | 5,8 | 4,6 |
| – IRS 16 – Eiendom, masjinerie en toerusting – omgekeerde waardevermindering van grond | 11.1 | 5,4 | 5,6 | 4,9 |
| – IRS 38 – Ontasbare bates | 11.2 | 0,5 | 0,6 | 0.8 |
| – IRS 17 – Huurkontrakte | 11.3 | (1,2) | (1,5) | (1,5) |
| – IRS 11 – Konstruksiekontrakte | 11.4 | 0,4 | 1,1 | 0,4 |
| – Minderhede in sekere SEB-transaksies* | 11.5 | (60,0) | — | — |
| – IFRS 3 – Omgekeerde negatiewe klandisiewaarde* | 11.6 | 5,5 | — | — |
| – Powerhouse-belang* | 11.7 | 5,7 | — | — |
| – Herverklaring (verhaling van debiteurs-voorsiening)* | 11.9 | 46,6 | — | — |
| *IFRS-aanpassings* | | | | |
| – IRS 16 – Eiendomme, masjinerie en toerusting | 11.1 | 132,0 | 138,3 | 127,7 |
| – Uitgestelde belastinggevolg van alle aanpassings | | (36,0) | (35,4) | (28,0) |
| Soos ingevolge IFRS verklaar | | **1 254,3** | **1 604,7** | **1 127,1** |
| * Diesulkes is aangepas in die September 2005 jaarverslag, maar is nie in die Maart 2005-verslag aan aandeelhouers aangepas nie | | | | |
| **Aanpassings in balansstaat-lynitems** ( ) = krediet | | | | |
| Eiendom, masjinerie en toerusting en ontasbare bates | | 140,2 | 144,5 | 133,4 |
| Klandisiewaarde | | 73,1 | — | — |
| Uitgestelde belasting | | (36,0) | (35,4) | (28,0) |
| Voorraad en onvoltooide kontrakte | | 0,6 | 1,3 | (0,8) |
| Rekeninge ontvangbaar en afgeleide bates | 11.7 | (124,3) | — | 1,7 |
| Langtermynlenings | | (0,5) | (0,3) | (0,5) |
| Bankoortrekkings en korttermyngedeelte van langtermynlenings | | (0,5) | (0,6) | (1,0) |
| Rekeninge betaalbaar, afgeleide aanspreeklikhede, voorsienings en belasting | | 46,3 | (0,8) | (0,5) |
| | | 98,9 | 108,7 | 104,3 |

**Herverklarings en beduidende veranderings in die groep se rekeningkundige beleid vergeleke met Maart 2005**

*11.1*

*IRS 16 – Eiendom, masjinerie en toerusting*

Die nutsduur, reswaardes, kapitalisasie van vervolgense bestedings en komponente van eiendomme, masjinerie en toerusting is geëvalueer, wat gelei het tot 'n wesenlike aanpassing in die groep se drabedrag ten opsigte van eiendomme, masjinerie en toerusting. Die nutsduur en reswaardes van eiendom, masjinerie en toerusting sal jaarliks hergeëvalueer word.

*11.2*

*IRS 38 – Ontasbare bates*

Ontasbare bates bestaande uit rekenaarprogrammatuur en 'n klantelys, is van eiendom, masjinerie en toerusting geskei. Die depresiasie van hierdie ontasbare bates word nou as 'n amortisasie van ontasbare bates in die inkomstestaat weerspieël.

*11.3*

*IRS 17 – Huurkontrakte*

Inkomste en uitgawes ten opsigte van bedryfshuurkontrakte bevattende vaste eskalasieklousules, word nou ooreenkomstig Omsendbrief 7/2005, soos uitgereik deur Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters, erken. Bedryfshuur-inkomste en -uitgawes is voorheen op 'n kontantgrondslag erken. 'n Bruikhuurkontrak is ook gekapitaliseer.

*11.4*

*IRS 11 – Konstruksiekontrakte*

Die groep se rekeningkundige beleid insake die erkenning van kontrak-inkomste en -kostes, is met IRS 11 in lyn gebring ter erkenning van kontrakinkomste en -kostes in sekere bedrywighede, met verwysing na die stadium van voltooiing van die kontrak op datum van die balansstaat.

*11.5*

*Minderhede in sekere SEB-transaksies*

Minderheidsbelange in filiale waarin die minderheid 'n SEB-vennoot is en die volle koopprys nie deur die SEB-vennoot betaal is nie, is omgekeer.

*11.6*

*IFRS 3 – Sakekombinasies*

Negatiewe klandisiewaarde in vorige jare gehef is omgekeer om verdienste te behou terwyl negatiewe klandisiewaarde wat in die vorige tydperk tot Maart 2005 gehef is, na wins geneem is.

*11.7*

*Powerhouse-belang*

Rente is deur Reunert verdien op die R130 miljoen lening aan Powerhouse, ter finansiering van sy koop van 25,1% van ATC. Gedurende Mei 2005, is hierdie lening deur Nedbank geherfinansier (aantekening 7). In die Maart 2005-verslag aan aandeelhouers wat verlede jaar uitgereik is, is die lening aan Powerhouse onder rekeninge ontvangbaar weerspieël. In hierdie verslag is die R130 miljoen ooreenkomstig huidige rekeningkundige praktyk hertoegewys en word dit as 'n belegging deur Reunert Beperk in ATC weerspieël. Met die opstelling van die groepresultate is dit as 'n konsolidasie uitgeskakel.

*11.8*

*IFRS 2 – Aandeelgebaseerde betalings*

Die groep het op die vroeë aanname van IFRS 2 besluit, en wel vanaf 2005. Dit verteenwoordig die uitgawe ten opsigte van die aandeel-opsies wat toegestaan is aan sekere groepswerknemers en die uitgawe verbonde aan 'n ekwiteitsinstrument waarop die Powerhouse-transaksie gewaardeer is (aantekening 7).

*11.9*

*Herverklaring*

Die vorige jaar se tussenresultate was inbegrepe van 'n voorsiening vir die verhaling van 'n debiteure-waarborg. Ná die realisasie van RC&C Finance Company se debiteureboek gedurende Desember 2003 word die voorsiening ten bedrae van R46,6 miljoen nie langer vereis nie en is dit in die groepstaat van veranderings in ekwiteit aangepas. Hierdie bedrag is tevore as 'n voorsiening weerspieël.

**Aantekening 12**

**Ongekonsolideerde filiaal**

Die finansiële resultate van Cafca Beperk (Cafca), 'n filiaal wat in Zimbabwe geïnkorporeer is, is nie in die groepresultate gekonsolideer nie aangesien die direkteure dit eens was dat daar 'n gebrek aan beheer was soos bepaal deur IRS 27: "Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State" en dat die tersaaklike bedrag nie wesenlik was nie.

**Aantekening 13**

**Verkrygings**

Twee klein besigheidsverkrygings is teen 'n totale koste van R6,3 miljoen gedurende die tydperk aangegaan. Weens die onbeduidendheid van hierdie verkrygings, is die direkteure van mening dat die openbarings-vereistes van IFRS 3, nie in hierdie verslag aan aandeelhouers geld nie.

p147775-Reunert AFR 5/16/06 10:10 AM Page 2

# SEGMENTELE ONTLEDING

## Ses maande geëindig 31 Maart 2006

| | 2006 R miljoen | % | 2005 R miljoen (Heraan-(gegee) | % | % veran-dering | Jaar geëindig 30 Sept 2005 R miljoen (Heraan-(gegee) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | | | | |
| **Elektriese Ingenieurs-dienste** | 1 149,1 | 25 | 876,8 | 23 | 31 | 1 986,7 |
| **Elektronika** | | | | | | |
| Kantoorstelsels | 565,5 | 12 | 418,9 | 11 | 35 | 981,3 |
| Verbruiksprodukte en -dienste | 2 066,1 | 45 | 1 845,9 | 48 | 12 | 3 769,0 |
| Telekommunikasie | 708,3 | 15 | 563,4 | 15 | 26 | 993,0 |
| Reutech | 126,1 | 3 | 133,9 | 3 | (6) | 300,3 |
| **Totale Elektronika** | 3 466,0 | 75 | 2 962,1 | 77 | 17 | 6 043,6 |
| Totale bedrywighede | 4 615,1 | 100 | 3 838,9 | 100 | 20 | 8 030,3 |
| Min: Reunert se toedeelbare gedeelte van die inkomste van verwante maatskappy | (704,2) | | (563,4) | | | (993,0) |
| **Inkomste soos verklaar** | 3 910,9 | | 3 275,5 | | 19 | 7 037,3 |
| **Bedryfswins** | | | | | | |
| **Elektriese Ingenieurs-dienste** | 222,5 | 36 | 166,7 | 35 | 33 | 332,7 |
| **Elektronika** | | | | | | |
| Kantoorstelsels | 120,1 | 20 | 103,3 | 22 | 16 | 257,1 |
| Verbruiksprodukte en -dienste | 176,5 | 29 | 160,8 | 34 | 10 | 324,5 |
| Telekommunikasie | 85,8 | 14 | 52,3 | 11 | 64 | 131,9 |
| Reutech | 3,8 | 1 | (5,4) | (1) | | 3,7 |
| **Totale Elektronika** | 386,2 | 63 | 311,0 | 65 | 24 | 717,2 |
| Totale bedrywighede | 608,7 | 100 | 477,7 | 100 | 27 | 1 049,9 |
| Min: Reunert se toedeelbare gedeelte van verwante maatskappy se netto bedryfswins | (84,7) | | (52,7) | | | (132,6) |
| **Bedryfswins soos verklaar** | 524,0 | | 425,0 | | 23 | 917,3 |

# KOMMENTAAR

Reunert se wesensverdienste per aandeel het gedurende die ses maande geëindig 31 Maart 2006 met 29% gegroei. Omset het met 19% vanaf R3 275 miljoen 'n jaar gelede tot R3 911 miljoen gestyg wat tot 'n 23% verbetering in bedryfswins tot R524 miljoen gelei het.

Hierdie resultate is gegrond op Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde (IFRS). Na die mening van die direkteure is die verdienste van die groep van 'n ekonomiese oogpunt gesien, weens die aanname van IFRS oorverklaar. Soos onder die genormaliseerde verdienstegedeelte in hierdie aankondiging toegelig (aantekening 5.2), is die uitwerking hiervan vir die berekening van genormaliseerde verdienste aangepas. Op 'n genormaliseerde grondslag het wesensverdienste per aandeel met 27% gegroei.

Die hoër bedryfsvlak het meegebring dat bedryfskapitaal met R187 miljoen gestyg het. Dit, tesame met die verhoogde dividendbetaling het gelei tot 'n vermindering van R106 miljoen tot R676 miljoen van die groep se kontantbronne.

## Bedryfsoorsig

### ELEKTRIESE INGENIEURSWESE

Suid-Afrika se strewe tot verbeterde infrastrukture het daartoe aanleiding gegee dat omset met 31% tot R1 149 miljoen gestyg het, terwyl bedryfswins 'n 33%-groei tot R222 miljoen getoon het.

Die bestelboek vir energiekabels is gesteun deur 'n sterk vraag vanuit plaaslike munisipale rade en die platinummynbedryf. Kapasiteit word stelselmatig verhoog om aan die verwagte toekomstige vraag te voldoen.

Die mark vir telekommunikasiekabel, in beide koper en optiese vesel, is aansienlik lewendiger as in die vorige jaar. Benewens die opswaai in die plaaslike mark, installeer buurlande tans veel benodigde bandwydte.

Die voortgesette strewes deur die regering om behuising aan almal beskikbaar te stel, het stukrag aan CBI se prestasie gegee. Daarby pluk CBI die vrugte van 'n uitvoerbesigheid wat oor etlike jare gevestig is. Uitvoere van brekers vir die beskerming van toerusting, veral na Europa, het ook noemenswaardig gegroei.

### ELEKTRONIESE PRODUKTE EN DIENSTE

Bedryfswins het met 24% vanaf 311 miljoen tot R386 miljoen verbeter terwyl inkomste met 17% tot R3 466 miljoen gestyg het.

Nashua kantoor-outomatisering en Nashua Mobile het goed gevaar en 'n sterk groei in volumes aangeteken. Die verwante finansieringsmaatskappy se debiteureboek oorskry tans R1,2 miljard.

Ten spyte van prysdeflasie, kon die verbruikerselektronikabedryf daarin slaag om beide omset en wins te verhoog.

Aktiwiteite by Siemens Telekommunications was op rekordvlakke danksy die uitbreidings van die mobiele en vastelyn-netwerke, veral deur Vodacom en Telkom.

Die verdedigingsbesighede het gestadig gebly maar hul finansiële resultate toon 'n wesenlike verbetering op die vorige jaar.

## Vooruitsigte

Die meeste van die groep se bedrywighede sal na verwagting baat by die tans lewendige marktoestande en Reunert behoort dus weer eens 'n groei in wesensverdienste in die tweede helfte van die jaar te behaal.

## Dividend

Kennis geskied hiermee dat die direkteure 'n tussentydse gewone dividend Nr. 160 van 63 sent per aandeel (2005: 52 sent per aandeel) vir die halfjaar geëindig 31 Maart 2006 verklaar het. Ingevolge die vereistes van STRATE, is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste datum vir handel (met dividend) | Donderdag, 15 Junie 2006 |
| Eerste dag vir handel (sonder dividend) | Maandag, 19 Junie 2006 |
| Rekorddatum | Vrydag, 23 Junie 2006 |
| Betaaldatum | Maandag, 26 Junie 2006 |

Aandeelhouers mag nie hul aandelesertifikate van Maandag, 19 Junie 2006 tot en met Vrydag, 23 Junie 2006 dematerialiseer of rematerialiseer nie.

NAMENS DIE DIREKSIE

**Martin Shaw**
*Voorsitter*

**Gerrit Pretorius**
*Hoof uitvoerende beampte*

Sandton, 15 Mei 2006

# REUNERT BEPERK

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer (Reg Nr 1913/004355/06)
Aandeelkode: RLO ISIN-kode: ZAE000057428

**Direkteure:** MJ Shaw (Voorsitter)*, G Pretorius (Hoof Uitvoerende Beampte), BP Connellan*, KS Fuller*, BP Gallagher, SD Jagoe*, KJ Makwetla*, GJ Oosthuizen, KC Morolo*, DJ Rawlinson, Dr JC van der Horst*
*Nie-uitvoerend

**Geregistreerde kantoor:** Lincoln Wood Office Park
Woodlandsrylaan 6 – 10, Woodmead, Sandton
Posbus 784391, Sandton 2146 Telefoon +27 11 517 9000

**Oordragsekretarisse:** Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**Borg:** Rand Aksepbank Beperk ('n Divisie van FirstRand Beperk)

**Sertifisering deur Sekretarisse:**
**Ses maande geëindig 31 Maart 2006**
Kragtens Artikel 268 G(d) van die Maatskappywet, 61 van 1973, soos gewysig, verklaar ek hiermee dat, na die beste van my wete en vertroue, die maatskappy alle opbrengste wat deur die Maatskappywet van 'n openbare maatskappy vereis word, vir die ses maande geëindig 31 Maart 2006 by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat al sodanige opbrengste juis, korrek en op datum is.

**JAF Simmonds**

**Vir Reunert Bestuursdienste Beperk**

**Maatskappysekretarisse**

**Navrae:** Carina de Klerk +27 11 517 9000 of e-pos invest@reunert.co.za.
This report is also available in English.

**Vir agtergrondinligting oor Reunert besoek ons webwerf by**

**www.reunert.com**

REUNERT

REUNERT LIMITED

BASTION GRAPHICS